Privaatsak X2038
OBERHOLZER
2502

Tel.: (018) 787 4171
Faks: (018) 787 4172

Webtuiste adres:
www.laerskooldagbreek.co.za

Laerskool Dagbreek

GAUTENG DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

OMSENDBRIEF 18 /2018 **23 Oktober 2018**

Geagte Ouers

Ons bring graag die volgende onder u aandag.

1. Veiligheid

Die veiligheid van ons leerders is vir ons 'n prioriteit. Ons vra dat ouers asseblief die reëls rondom die veiligheid van ons leerlinge sal nakom. Geen voertuie mag op die terrein kom nie. Ouers moet hulle kinders by die hek groet en weer daar ontvang. Ouers moet asseblief betyds hulle kinders kom afhaal. Daar is geen toesig op die terrein na 14:15 nie. Reël asseblief met 'n nasorgsentrum vir die versorging van u kind, indien dit nie vir u moontlik is om hom/haar te kom afhaal nie.

2. Ouervergadering 25 Oktober

'n Algemene Jaarvergadering is geskeduleer vir 25 Oktober 2018 om 18:00. Ouers, ons doen 'n beroep om u om die vergadering by te woon. Daar moet 'n kworum ouers teenwoordig wees vir die goedkeuring van die begroting. Ander belangrike sake sal ook bespreek word gedurende hierdie vergadering. Ons het u insette nodig. Leerders wie se ouers die vergadering bywoon, sal 'n roomys ontvang.

3. Buitemuurse Aktiwiteite

Baie geluk aan ons Tweede Krieketspan en Tennisspan met hulle besonderse prestasies die afgelope seisoen. Baie geluk ook aan Mnr. W. Carelsen en Me. E. Groenewald met die goeie afrigting.

Ons beplan om tydens Aktiwiteitsperiodes met uitdunne vir die Atletiek te begin. Ons hoop om ons beste atlete vroegtydig uit te dun, sodat hulle ook die Desember vakansie kan gebruik om fiks te word vir die Atletiekseisoen in 2019. Al die leerlinge sal 'n geleentheid kry om deel te neem.

4. Eksamen, skooltye en rapporte

Die leerlinge het die eksamenrooster en leerwerk ontvang. Ondersteun asseblief u kind met die voorbereiding vir die eksamen.

Die leerlinge moet hul handboeke die dag wat hulle die bepaalde vak skryf inhandig. Alle potloodmerke moet uitgevee wees en in 'n netjiese toestand ingehandig word. Handboeke wat verlore is, moet betaal word by die finansieskantoor en die kwitansie moet dan ingehandig word as bewys.

Die skool sal vanaf **13 November 2018 om 13:00 vir al die leerders uitkom.** Tref asseblief vroegtydig die nodige reëlings vir die vervoer van u kinders.

Die skool sluit amptelik op 12 Desember 2018 en u kan dan u kind se rapport kom afhaal by die skool tussen 7:30 en 9:30.

GEEN RAPPORT SAL VOOR 12 DESEMBER AAN OUERS OF LEERDERS GEGEE WORD NIE.

100% Skoolbesoek sal in ag geneem word tot Maandag 26 November wanneer die laaste eksamenvraestel geskryf word.

5. Toere en Uitstappies

Ons besef dat ons in moeilike en gevaarlike tye leef. Ons besef ook dat u as ouer dikwels bekommerd is oor die veiligheid van u kind. Daar is nou versoeke van ouers om agter die bus aan te ry en ook die uitstappies te wil meemaak. Ons gaan dit egter nie toelaat nie.

Kinders wat nie met die bus mag ry nie en deur ouers vervoer word, het ook bepaalde uitdagings. In sekere gevalle was die ouers nie daar as die bus wil vertrek nie, en het dit tot gevolg dat die hele graad vir die ouer moet wag en sodoende almal "laat" maak.

In die verlede moes ons al baie moeilike situasies hanteer as gevolg van persone wat die uitstappie wou meemaak. Ons kan ook nie een ouer toelaat en 'n ander nie. Die reëls geld vir al die ouers.

Indien u nie met ons reëlings saamstem of tevrede is nie, sal u kind nie die uitstappie kan meemaak nie en moet dan daardie dag skool bywoon.

6. Erkenningsaande en Graad R-gradeplegtigheid

Die Grondslagfase se prysuitdeling vind plaas op DV 7 November 2018 en die Graad 4 tot 7 prysuitdeling op 8 November 2018. Die Graad R-Gradeplegtigheid is op 14 November.

Die Prysuitdeling vind in ons skoolsaal plaas. As gevolg van die beperkte ruimte en om soveel as moontlik ouers tegemoet te kom, sal dit in die volgende sessies plaasvind:

Graad 1	7 November	17:00
Graad 2	7 November	18:00
Graad 3	7 November	19:00
Graad 4 en 5	8 November	18:00
Graad 6 en 7	8 November	19:00

U sal 'n uitnodiging na hierdie geleentheid ontvang.

7. <u>Belangrike datums</u>

Maandag	22 Oktober	- Ouermiddag
Dinsdag	23 Oktober	- Graad 6 Veldskool tot 26 Oktober
Donderdag	25 Oktober	- Algemene Jaarvergadering (begroting)
Maandag	29 Oktober	- Leerlingraadverkiesing
Vrydag	2 November	- Kruiwadag
Saterdag	3 November	- Me. Chanél Prinsloo verjaar - Musiekpret
Maandag	5 November	- Aankondiging Leerlingraad
Woensdag	7 November	- Prysuitdeling Grondslagfase
Donderdag	8 November	- Prysuitdeling Graad 4 tot 7
Vrydag	9 November	- Graad 7 Tegnologie Eksamen
Maandag	12 November	- Kerkdiens Graad 7
Dinsdag	13 November	- Beheerliggaamsvergadering
Woensdag	14 November	- Eksamen begin - Graad R Gradeplegtigheid - Graad 1 Uitstappie
Maandag	26 November	- Eksamen eindig - Graad 7 Afskeid - 100% Skoolbesoek

8. <u>Gedagte van die week</u>

"Remember – nothing will ever be accomplished if you wait for everyone's approval or for the plan to be perfect." – John Maxwell

Vriendelike groete

Mnr. P.W. van Heerden
Hoof